

Wiskunde Gr.8 Toets 4

60 minute

50 punte


Vraag 1: [14]

1.1 Voltooi die volgende: (3)

- (a) Supplementêre hoeke het 'n som van.....
- (b) 'n Stomphoek lê tussen° en°
- (c) Regoorstaande hoeke is


1.2 Bestudeer die diagram en skryf die volgende neer in terme van x , y , p en/of k : (5)

- (a) 'n paar verwisselende binnehoeke.
- (b) 'n paar ooreenkomstige hoeke.
- (c) 'n paar ko-binnehoeke.
- (d) 'n paar regoorstaande hoeke.
- (e) 'n paar aangrensende hoeke op 'n reguitlyn.



1.3 $AB \parallel CD$ met snylyn MP en $MP \parallel DN$ sodat $\widehat{M}_1 = 92^\circ$.

Bereken $\widehat{PDN}$. Toon alle berekeninge en gee volledige redes.



Vraag 2: [14]


2.1 Voltooi die volgende: (2)

- (a) Die som van die binnehoeke van 'n driehoek is
- (b) Die buitehoek van 'n driehoek is gelyk aan

2.2 Verduidelik die verskil tussen 'n gelykbenige driehoek en 'n gelyksydige driehoek. Gee twee eienskappe van elk om die verskil te illustreer. (4)

2.3 $\triangle EFG$ met $EF = FG$ en $EF \perp FG$ word gegee. (8)
 $\hat{F}_2 = 2\hat{F}_1$

- (a) Beskryf watter tipe driehoek EFG is in woorde.
- (b) Bereken $\hat{R}_1$. Toon alle berekeninge en gee volledige redes.




Vraag 3: [11]

3.1 Voltooi: (3)
Volgens die stelling van Pythagoras is die vierkant op die skuinssy van 'n

3.2 In reghoekige $\triangle ABC$ is $AB = 10$ cm en $BC = 24$ cm. (8)
BR word getrek met $BR \perp AC$ sodat $AR = 3,85$ cm. Bereken:

- (a) AC
- (b) BR, korrek tot 2 desimale.



Vraag 4: [11]

TS // PQ met $\hat{P}_1 = 35^\circ$ en $\hat{P}_5 = 55^\circ$.

4.1 Bereken, met redes:

(a) $\hat{P}_4$

(b) $\hat{S}_1$

(c) $\hat{T}_1$

4.2 Bereken die oppervlakte van ΔTSP as
TS = 8 cm, TP = 6 cm en PS = 10 cm.

